Die Voortrekkers

Transvaal
Omsendbrief
Mei 2020

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

25 Mei 2019

Beste voortrekkervriende,

1. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Die jaar het afgeskop met groot verwagtinge, min het ons geweet wat vir ons wag.

Fil 4: 4 is baie bekend, en lui: “Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!” vers 5 gaan voort “Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.”

En vers 13: “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee”.

Vir die eerste keer het skole vroeër as beplan gesluit en is gebiedskampe gekanselleer aangesien ons massabyeenkomste moet vermy en ‘n grendelstaat aangekondig is. Onsekerheid het deel van ons daaglikse bestaan geword. Maar ons het ‘n keuse, ons kan kies om te top en treur en huil oor dit wat ons verloor het, soos die kamp wat nie plaasgevind het nie; die inperking, en nog vele meer. Of ons kan bly wees vir dit wat ons het; ons word daagliks wakker uit ‘n warm bed; ons het klere om aan te trek; ons het kos om te eet; ons het lopende water; ‘n dak oor ons koppe. Ons is gesond; geseënd en dankbaar.

Die Voortrekkers en voortrekkeraktiwiteite is nie gevrywaar van die huidige pandemie nie. Ons moes aanpas om aktiwiteite vanaf die huis te doen. Vinnig is vergaderings en span aktiwiteite via zoom; skype, Whats-app en ander platvorms gehou. Pret van aktiwiteite word gedeel met foto’s van enkelinge en gesinne. Spanne funksioneer via video interaksies en verskeie e-aktiwiteite. Dankie vir elkeen wat ook op hierdie manier voortrekkers pret en avontuurlik maak! Voortrekkers het gewys dat ons aanpasbaar is!

Ons glo aan **HOOP**!
Ons glo aan **Positiewe Optrede**!
Ons glo om **Koers te Hou**!

2. Administrasie
(Stadige verkeer)

2.1 Lederegistrasies

Ons is baie dankbaar met die nuus dat daar tans vyfduisend agthonderd twee-en- dertig (5832) geregistreerde voortrekkerlede in Transvaal is.

Neem asseblief kennis van die nasionale omsendbrief gedateer 16 April 2020 insake die belangrikheid van lederegistrasies waarin versoek word dat alle Voortrekkers teen 31 Mei 2020 op SAS 2 geregistreer moet wees.

2.2 SAS2

Neem asseblief kennis van die inhoud van die briewe vanaf die Hoofsekretaris gedateer 28 April en 2 Mei 2020, asook die nasionale omsendbrief gedateer 20 Mei 2020, insake SAS2.

HS Corlia Botha meld die volgende in omsendbrief 3 van 2020 wat verbatim aangehaal word:

"Toegang vir oordleiers en kommandoleiers op SAS2 is tans 'n groot uitdaging. Omdat die toegang beperk is, lei dit ook daartoe dat kommando's met registrasies sukkel. Die toegangsregte sal mettertyd oopgestel word, maar dit is belangrik om van die volgende kennis te neem.
Elke kommando moet 'n kommando e-pos skep wat aan die SAS2-stelsel gekoppel word. Die KL en AKL admin behoort toegang tot die e-posadres te hê. Die e-posadres word gebruik om die kommando regte aan die korrekte kommando op die stelsel te koppel. Die kommandoleier en AKL admin kan die inteken regte van die profiel gebruik om die inligting op SAS2 sien. Dit is egter baie belangrik dat geen data deur die Kommandoleier verander mag word nie. Die AKL Admin is die enigste persoon wat inligting op SAS2 mag verander. Die veiligheid van die lede se data is vir ons baie belangrik en daarom moes elke AKL admin bevestig dat hulle kennis dra van die regte en verantwoordelike wat van toepassing is op die kommando se SAS2 regte.
Belangrike kommunikasie hieroor is deur die Gebiedsekretarisse aan kommando's gekommunikeer. Skakel gerus met jou gebiedsekretaris indien daar enige probleme is."

Die vereistes vir die kommando admin e-pos adres:

1. Hierdie adres moet die naam van die kommando bevat, nie die naam van die AKL Admin of enige ander individu nie.
2. Vir elke kommando sal net hierdie een e-pos adres op die stelsel gebruik word as kontakadres.
3. As die kommando nie 'n generiese e-pos adres het nie, moet dit geskep word, offisiere se eie adresse kan nie gebruik word nie.
4. Die adres moet nie aan iemand se werkgewer adres gekoppel wees nie.

Transvaal Voortrekkers sal hulp verleen in hierdie verband. Gratis e-pos adresse sal geskep word vir die kommando's wie oor geen generiese epos adres beskik nie. Bestaande kommando e-posse bly van krag en hoef nie gewysig te word nie. Bevestig asb net aan Izelle wat julle bestaande kommando e-pos adres is. Die e-posadres sal dan as volg lyk: (Kommandonaam)@voortrekkers.co.za.

Stuur asseblief die volgende inligting na Izelle Ryan by die gebiedskantoor (kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za): Naam en kontakbesonderhede van AKL Admin tesame met die kommandonaam wat op generiese e-pos adres moet verskyn.

3. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

Elke lid van Die Voortrekkers betaal jaarliks ledegeld aan hul Voortrekkerkommando, waarvan 'n gedeelte oorbetaal word aan die gebied; en deur gebied oorbetaal word aan Hoofbestuur. Die betaling van ledegelde is die aanduiding van voortsetting van lidmaatskap van die betrokke jaar. Indien ledegelde nie betaal word nie, kan lede nie deelneem aan enige aktiwiteite van Die Voortrekkers nie. Toekenning vir getroue diens vir die betrokke jaar word ook verbeur.

Die betaling van ledegeld gee dus aan elke voortrekker die “kaartjie” om te kan deelneem aan aktiwiteite en dus erkenning te kan ontvang in die vorm van getroue diens (skei).

Ledegelde oorbetaal aan die Gebied en Hoofbestuur word aangewend om die operasionele bestuursprosesse te bedryf. Die ledegeld word in Transvaal aangewend vir onder andere, die volgende:

a) Salarisse van aangestelde personeel
b) Administratiewe uitgawes ten opsigte van munisipale kostes, toerusting, telefoon- en webbladkostes, ensovoorts.
c) die bestuur van Voortrekkers deur middel van vergaderings van gebiedsdagbestuur, gebiedsbestuur en gebiedskomitee’s

In die lig van die huidige onsekerhede rakende die verwikkelinge rondom die koronavirus in die land, die uitdagings van die ekonomie en versoeke van voortrekkerlede, het die gebiedsbestuur die begroting van Transvaal aangepas met besparings waar moontlik.

Die volgende is dus van toepassing:

- Dat Transvaal ‘n verligting in die ledegeld van vyftien rand (R15.00) per lid kan toestaan.
- Verder, bly die eenhonderd rand (R100.00) korting vir offisiere met vyf (5) jaar aaneenlopende diens aan die einde van 2019 en wie geregistreer is voor 31 Mei 2020, van krag.
- **GEEN** addisionele heffing sal verhaal word tov ledegelde betaal na 1 Junie 2020.

Die aangepaste ledegeld vir 2020 is dus as volg:

Jeuglede	R445.00
Offisiere met minder as vyf (5) jaar diens	R445.00
Offisiere met meer as vyf (5) jaar diens (ontvang reeds R100.00 korting)	R360.00
Staatmakers	R195.00
Heemraadslede	R215.00

Die volgende is belangrik –

a) Alle Voortrekkers wat lidmaatskap vir 2020 voortsit; moet die nodige registrasie op SAS 2 afhandel teen 31 Mei 2020.
b) Voortrekkerkommando’s word versoek om ook die kommando heffing van ledegelde aan te pas waar moontlik en behulpsaam wees met die uitstel van die betaling van ledegelde aan ouers tot September 2020. Elke Voortrekkerkommando moet hier hul eie finansiële beginsels toepas.
c) ‘n Beroep word op voortrekkerkommando’s gedoen om nie ledegelde reeds in die kommando ontvang, terug te hou nie; maar om die nodige oorbetaling van ledegeld, maandeliks aan die gebied te maak.

Ons beklemtoon dat finansies nie die rede moet wees hoekom lede moet ophou met Voortrekkers in hierdie tyd nie. Finansiële hulp in die vorm van subsidies is beskikbaar, kontak asseblief jul AOL Finansies of AGL Finansies in hierdie verband.

4. Bemarking
(Groei)

4.1 Transvaal warmbaadjies
Die verkoop van die Transvaal warmbaadjies sal teen eenhonderd-en-tagtig rand (R180.00) geskied. Daar sal nie ekstra Transvaal warmbaadjie aangekoop word nie.

Bestel en betaal vir jou baadjie; die aflewering sal geskied direk na die grendelperiode.

4.2 Gebiedskomitee: Bemarking aksies tydens inperking
GK Bemarking het die uitdaging aanvaar om ons lede positief te be-invloed en te behou gedurende inperking. Vir die eerste vier (4) weke is daaglikse plasings ontwerp en geplaas met die volgende ritme:

So/Ma - C: Christelike boodskap/video/Bybel verhaal
Di - O: Ons doen/Hoe om opdraggie of video
Wo - R: Regte feite oor Covid 19 video/boodskappie/strokiesprent
Do - O: Ons Glo - Bybelversie
Vr - N: Naweek boodskappie/grappie/versie/ens.
Sa - A: Avontuur uitdaging (SuperSnuiterSaterdag)

Oor die laaste weke is afgeskaal na grotendeels twee plasings per week (So/Ma Christelike boodskap en SuperSnuiterSaterdag uitdagings).

Die #SuperSnuiterSaterdag het ‘n baie gewilde aksie geword waarop kinders (en menige offisiere) gretig wag. Die hutsmerk trek alle fotos van die afgelope uitdagings (skuiling bou; stokbrood braai; Vorie-smorie maak; Paasfeesvenster verf; gesins potjiekos kompetisie en Morsekode boodskappe ontleed, op een plek bymekaar. Veral die potjiekos kompetisie was ‘n reuse sukses met amper 40 gesinne wat deelgeneem en fotos geplaas het.

Daar is ook reeds twee koerantberigte in plaaslike omgewingskoerante oor die SuperSnuiterSaterdag aksies geplaas asook in die e-HouKoers.

4.3 ARISS projek
Die projek is finaal gekanselleer 3 dae voor dit sou plaasvind agv die inperking regulasies. AGL Bemarking en KL Gerhard Gericke het onmiddelik weer skriftelik aansoek gedoen vir moontlike:
a) Uitstel van projek na later in 2020 as inperking opgehef word.
b) Indien bogenoemde afgekeur word deur NASA, heraansoek om weer gekeur te word vir 2021.

5. Gebiedskampe; GGA en GGN Aktiwiteite

Die huidige rampstatus in Suid-Afrika en gepaardgaande grendelmaatreëls bepaal dat groepsaktiwiteite van kultuurorganisasies slegs kan plaasvind in vlak 1. Dit bring mee dat gebiedsaktiwiteite slegs aangebied kan word as Suid-Afrika op vlak 1 van die rampstatus funksioneer.

Gebiedskampe is afhanklik van die skoolkwartaal en skoolvakansies. Die datums vir 2020 is nog nie finaal nie en verander deurlopend. Die aanbied van gebiedskampe vir die res van die jaar sal dus deurlopend gemonitor word en sal slegs plaasvind indien alle vereistes van die staat nagekom kan word.

Dieselfde vereistes vir Gebiedsgoedgekeurde Aktiwiteite en -naweke (GGA/GGN) is van toepassing.

Die wetgewing met betrekking tot massa byeenkomste is nie die enigste aspek wat in gedagte gehou moet word nie. Die Voortrekkers het ‘n verantwoordelikheid teenoor ons land, volk en medemens om die verspreiding van die virus te stop en infeksies te verminder.
Ons eerste prioriteit is die veiligheid van Voortrekkers op ons kampe en tydens ons aktiwiteite.

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

6.1 Voorslagkamp

Ons besef dat daar baie onsekerhede is rakende Voorslag, en of die kamp steeds gaan plaasvind. Net soos met die gebiedskampe en GGA/GGN aktiwiteite, is die veiligheid van ons Voortrekkers ons eerste prioriteit. Daarmee saam is ons onderhewig aan die vereistes van die staat.

Tans word daar gekyk na ‘n alternatiewe datum aan die einde van Oktober of begin November 2020. Ander moontlikhede word ook tans deur die Penkop en Drawwertjie komitee ondersoek. Kandidate wat aan die voorslag proses wil deelneem, sal binnekort versoek word om die P-1 vorm te voltooi ten einde die gebiedskomitee te help met die onderskeie ondersoeke en aksieplanne.

Offisiere word aangemoedig om spesialisasies, veral belofte spesialisasies, in span verband af te handel.

7. Verkennersake

(Produk in wording)

7.1 PV Teoretiese Vraestel

Transvaal het vanjaar eenhonderd en nege (109) PV kandidate wat die PV-teoretiese vraestel geskryf en geslaag het. Kandidate het van die huis af geskryf met relatiewe min onderbrekings of probleme.

Baie geluk aan al die kandidate met die slaag van hul vraestel!

7.2 PV-Konferensie 2020

Die nasionale PV-konferensie word aangebied deur die Hoofbestuur van Die Voortrekkers. Natuurlik word hierdie geleentheid ook beïnvloed deur die rampstatus en meer inligting oor die geleentheid sal deurgegee word.

8. Staatmakers

(Apart maar Saam)

Ten midde van die staat van Inperking in ons land is menigte aktiwiteite nie meer moontlik om mee te bring nie. Ons, as die Staatmakers, glo wel vas dat in die huidige tegnologiese wêreld waarin ons leef nogsteeds op ‘n sosiale vlak met mekaar op die voortrekker manier gekuier kan word.

Ons is besig met menigte inisiatiewe om by die huis bly net so bietjie beter te maak. Een van daardie aktiwiteite was ‘n virtuele toer oor Suid-Afrika waar ons bietjie meer geleer het oor ons ryk geskiedenis by monumente en museums. Gaan loer gerus op ons Instagram Blad, Transvaal Staatmakers om meer te sien oor die E-aktiwiteit. Hou dan ook die blad dop om te sien watter ander lekker inperkingsaktiwiteite daar nog voorlê. Vir die van julle wat nie Instagram het nie, het ons ook ‘n Facebook blad waar alle beskikbaar is.

Ons, as Transvaal se GSR, het ook ‘n paar taakgroepe geloods wat ons gaan help om oor die verloop van ons termyn te kyk na uitdagings wat ons in die gesig staar met die nuwe veranderinge in ons organisasie. Enige iemand is meer as welkom om aan te sluit by die taakgroepe. As jy sou belangstel kontak asseblief enige van die GSR lede om uit te vind hoe om betrokke te raak.

9. Volwasse sake

(Oplei en toerus)

9.1 Ons gee om

Die grendelperiode bring ook ander uitdagings. Ons is bewus van Voortrekkers wat geraak word in hierdie tyd deurdat ouers/offisiere hul salarisse ten volle of gedeeltelik verloor het. Voortrekkerkommando’s word versoek om sensitief te wees vir sulke gevalle. Ondersteun en skakel in by erkende prosesse/instansies wat uitreik na mense in jou gemeenskap.

9.2 Volwasse kursusse

Alle volwassenes word aangemoedig om die aanlyn kursusse te voltooi.
Die skakel vir die Voortrekkers se aanlyn kursusse is:
https://vorieloopbaan.voortrekkers.co.za/moodle/course/index.php

Ons hoop almal is nog veilig en gesond in die staat van inperking en ons wens almal alle sterkte toe met die ekonomiese uitdagings wat vir ons hierna gaan voorlê. Mag God jou en jou gesin Ryklik Seën en veilig hou.

Daarom moet ons die volgende drie B's in gedagte hou:

1. Beskerm jouself
2. Beskerm jou geliefdes
3. Beskerm jou gemeenskap

Hou Koers!

Voortrekkergroete,

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine1711@gmail.com)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
MJ Gouws – GSD (082 253 5977 - gouwsmj25@gmail.com)

Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree.
Spreuke 4:26